SUNRIDGE VANDAG

SUNRIDGE TODAY

CONJUNCTI CRESCIMUS

26 January / Januarie 2026

Geagte Ouers

## Water- en Elektrisiteitsuitdagings

Talle mense gaan tans gebuk onder water- of elektrisiteitsuitdagings, terwyl party mense albei ervaar. Hoewel sommige mense plaaslike ondersteuning ontvang, bly dit steeds 'n uitdaging. Ons is deeglik van hierdie uitdagings bewus en indien daar enige probleem rakende skoon klere is wat u kind se skoolbywoning of buitemuurse aktiwiteite gaan beïnvloed, moet u asseblief u kind se klasonderwyser **vroegtydig** in kennis stel, sodat ons u met werkbare oplossings en uitsonderings kan bystaan.

Ons versoek alle ouers wat geraak word, om ons in kennis te stel van u huidige water- en elektrisiteitsprobleme, ten einde ons in staat te stel om behoorlik te beplan en te bestuur. Stuur asseblief vandag 'n kort en bondige e-pos na u kind se klasonderwyser.

Kom ons as skoolfamilie en gemeenskap ondersteun mekaar terwyl mense hierdie uitdagings op verskillende vlakke trotseer. Soos tydens beurtkrag, sal dit langer neem om by die skool te kom – soos ons almal weet. Hoewel dit sal help om te beplan, is geduld die antwoord. Met ons waterfonteine is ons steeds in staat om skoon drinkwater aan ons leerders te voorsien.

Die vernaamste faktor is dat ons vroegtydige kommunikasie van ouers benodig sodat ons sake kan bestuur en die orde kan handhaaf. Let asseblief daarop dat ons personeel ook dieselfde uitdagings in die gesig staar. Ons het nodig om te bid vir diegene in nood en ook vir reën, wat ons so dringend nodig het.

Baie dankie aan ouers en personeel wat reeds ondersteuning bied en die ekstra myl loop. Ons sal die situasie evalueer en u op hoogte hou.

Dear Parents

## Water and Electricity Challenges

Many people are currently facing water or electricity challenges while some are experiencing both - while some are receiving local support, this remains a challenge. We are fully aware of these challenges and if there is any issue regarding clean clothes that will affect your child's school attendance or extra mural participation please inform your child's class teacher **in advance** so that we can help you with workable solutions and exceptions.

To allow us to manage and plan properly we urge all affected parents to inform us of your current water and electricity problems in order to enable us to plan and manage properly. Please send a short and concise email to your child's class teacher today.

As a school family and community let us support each other as people face these challenges on different levels. As we all know, during load shedding the drive to school will take longer - planning can assist and patience is the answer. With our water purifying fountains, we are still able to supply clean drinking water to learners at school .

The main factor is we need early communication from parents so that we can manage and maintain order. Please note that our staff are also facing the same challenges. Prayer is needed for everyone and for the rain which we urgently need.

Many thanks to parents and staff already supporting us and going the extra mile. We will evaluate the situation and keep you updated.

Sonskyngroete / Sunshine greetings

M DE VRIES
Skoolhoof/ Principal

MasterCard VISA

Follow us on FACEBOOK!

Like

Find us on Facebook